



Redaksioneel

Die redaksie bied met dankbaarheid teenoor die outeurs weer 'n uitgawe van *In die Skriflig* aan. Getrou aan ons beleid om sover moontlik die hele teologiese ensiklopedie in die keuse van artikels aan die orde te stel, publiseer ons weer artikels vanuit verskillende dissiplines in die reformatoriese teologie. C.J. Smit beweeg op die terrein van die hermeneutiek van die kerkreg met sy artikel oor die sleutels vir die toepassing van die kerkorde. Hy hanteer 'n belangrike tema, veral omdat die toepassing van die kerkorde en die gesag van besluite van kerklike vergaderings steeds baie aandag in kerkregtelike besinning ontvang. Sy artikel is 'n welkome bydrae tot hierdie debat.

Makro-etiese temas lei tot 'n vloed van publikasies op die gebied van die teologiese etiek binne feitlik al die kerklike en teologiese tradisies. Dit is opvallend hoe die bevindings van die teologiese etiek begin meespeel in interdissiplinêre navorsing oor etiese vraagstukke. Hier kan veral gewys word op die nuwe aandag wat bio-etiek ontvang. A.L. Rheeder deel sy navorsingsresultate tot dusver met lesers en ek is oortuig dat hy aandui dat daar vir ons as navorsers in die reformatoriese etiek nog heelwat besinning op hierdie terrein wag. Eweneens skrywe E.J. de Beer oor die wyse waarop kinderarbeid in Suid-Afrika beoordeel moet word en hy laat die lig val op die prinsipiële raamwerk wat in sodanige beoordeling aan die orde behoort te wees.

Hermeneutiek bly onder die soeklig veral na aanleiding van G. Snyman se vroeëre artikel oor: "Die etiek van Bybellees". In hierdie uitgawe reageer J.H. van Wyk op die siening van Snyman terwyl T. van der Walt uit sy jarelange ondervinding met Skrifverklaring bepaalde uitgangspunte en prinsipies aan die hand doen. Ook B.J. van der Walt besin hieroor vanuit die perspektief van die Reformatoriese filosofie. Wie staan op die *sola scriptura* van die Reformasie moet 'n gefundeerde hermeneutiek as onderbou hê en daarom wil *In die Skriflig* graag hierdie diskussies aanmoedig. Ons vertrou dat lesers hieruit genoeg stof tot nadenke sal kry om 'n sterk hermeneutiek uit te bou.

A.R. Brunsdon en G.A. Lotter spits hulle toe op die pastorale hantering van kanker as lewensnood en behandel daarmee 'n tema waarmee elke predikant in die bediening gereeld te doen kry. Mag die artikel bydrae tot 'n pastorale bewoënheid ten opsigte van mense met hierdie beproewing in hulle lewens. In 'n interessante interdisiplinêre bydrae beoordeel A.B. Grobler en J.L. van der Walt die bestuursvaardighede van predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en kom tot gevolgtrekkings wat tot nadenke stem. Hoewel die kerke geestelik van aard is en 'n eie beginselbasis vir hulle rol en roeping het, speel bestuur 'n uiters belangrike rol juis omdat swak bestuur die roepingsvervulling van kerke kniehalter. Bestuur moet egter altyd die middel tot 'n groter doel wees en nie die doel op sigself word nie. Vir kerke is daar veel te leer by die bestuurswetenskappe en ons plaas graag hierdie artikel.

Met die feesvierings tydens die vyfhonderjarige herdenking van die geboortedag van Calvyn in 1509 vind belangrike wetenskaplike en populêre besinnings oor die bydrae van Calvyn se teologie en sosiale etiek regoor die wêreld plaas. *In die Skriflig* hoop om in 2009 'n supplementuitgawe hieroor die lig te laat sien waarin veral gefokus sal word op die erfenis van Calvyn in Suid-Afrika. Verskeie outeurs het ingewillig om daaraan te werk en reëlings is tans in volle swang. Baie nuwe boeke sien ook in hierdie verband die lig en ek wil graag wys op 'n uitnemende publikasie van die bekende Amerikaanse regsgeleerde en Calvynkenner J. Witte, *The Reformation of rights: law, religion and human rights in early modern Calvinism*. (Cambridge: Cambridge University Press). Hy laat 'n mens met nuwe en waarderende oë kyk na die bydrae van Calvyn en sy volgelinge op moderne konstitusionalisme.

J.M. Vorster

Redakteur: *In die Skriflig*